AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 2 NOVEMBER 2009

ALGEMEEN

- Kandidate moet elke nuwe vraag op ‘n skoon bladsy begin.
- Kandidate moet leiding ontvang om nie by die beantwoording van die opstelvraag subhoofde te gebruik nie .
- Die inleiding en slot ontbreek steeds by sommige sentra by die opstelvraag.
- Leiding moet gegee word rakende paragrafering.
- Spelling en punktuasie verdien aandag.
- Eiename moet met hoofletters gespelword.
- Handskrif van kandidate gaan jaarliks agteruit.
- Kandidate wat nie ‘n reël tussen onderafdelings ooplaat nie, bemoeilik die nasienproses beduidend.
- Poësie word steeds by skole afgeskeep. Baie meer aandag moet daaraan gegee word.

POëSIE

Vraag 1 23

Uiters ongewilde vraag. Slegs 1% van alle kandidate het die vraag aangedurf . Geen kandidaat was in staat om die evaluering van die gedig suksesvol te doen nie.

Dit was baie moeilik om die vraag na te sien.

Vraag 2 By die Eeuwending

Goed beantwoord.

Vraag 3 Marilyn Monroe

Uiters gewilde keuse. Die meeste kandidate het die vraag gedoen . Kandidate sukkel met die volgende:

- Die funksie van inversie

Vraag 4 27 April 1994

Kandidate sukkel met die volgende begrippe:
Verstegniese middel
Tipografie
*Alliterasie (*Alhoewel die opdrag gegee is dat die alliterasie onderstreep moes word, is dit nie gedoen nie.)

Vraag 5 Jan Tuisbly se spannetjie

Essayvraag : Uiters swak beantwoord. Slegs ongeveer 1% van alle kandidate het die vraag aangedurf. Hulle het nie by die verklaring van die titel uitgekom nie.

Vraag 6

Kandidate sukkel om “stemming” aan te dui.

ROMAN

Vraag 7 Kwart-Voor -Sewe-Lelie

Kandidate moet waak teen die oorvleueling van antwoorde. Hulle word daarvoor gepenaliseer. Die inhoud van die boek sal veral vir 2010 baie deeglik bestudeer moet word ten einde vernuwende vrae te kan beantwoord.

Vraag 8

Kandidate wat die inhoud van die boek geken het, het min probleme ervaar.

Vraag 9 Manaka: Plek van Horings

Die opstelvraag is swak beantwoord.

- Kandidate het die verskillende aspekte van die vraag vaag beantwoord.
- Die opheffing/volhouding van sy buitestaanderskap is baie swak beantwoord.
- Aandag sal hieraan gegee moet word.
- Kandidate moet alle aspekte van die opstelvraag beantwoord.

Vraag 10

Die meeste kandidate beskik nie oor die vermoë om 'n kortvraag van 4 punte volgens die instruksies te beantwoord nie. Aandag sal hieraan gegee moet word.

Kandidate moet ook daarop let dat kontekstuele vrae by die roman nie noodwendig in onderafdelings gestruktureer is nie. Indien die vraag uit 2 dele bestaan, moet die antwoord die 2 dele weerspieël.

Vraag 11 Vatmaar

Kandidate moet let op die strukurering van die opstelvraag.
In die algemeen is die vraag goed beantwoord.

Vraag 12

Om die vraag goed te kan beantwoord moet kandidate die verskillende karakters se stories, hulle rolle en waar hulle by die tema inpas, baie goed ken. Die inhoud van die roman is van die allergrootste belang.

DRAMA

Vraag 13

Kandidate se feite het hier geweldig tussen die verskillende aspekte van die vraag oorvleuel. Alhoewel al die feite aangedui word, verloor die kandidaat punte by die taal- en stylgedeelte van die rubriek.

Vraag 14 Krismis van Map Jacobs

Kandidate wat die inhoud van die drama geken het, het goed gevaar.

Vraag 15

Kandidate se feite het hier geweldig tussen die verskillende aspekte van die vraag oorvleuel. Alhoewel al die feite aangedui word, verloor die kandidaat punte by die taal- en stylgedeelte van die rubriek.

Vraag 16

Kandidate weet nie wat *dramatiese doelstelling* beteken nie. (Vraag 16.7)
Kandidate sukkel om die funksie van die neweteks te formuleer .(Vraag 16.8)